

Bybel vir Kinders
bied aan

Die meisie
wat tweekeer
gelewe het



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Jairus was 'n Joodse godsdienstige leier, wat die Woord van God aan ander verkondig het. Eendag het sy geliefde dogter ernstig siek geword, sy was

net twaalf jaar oud. Dit het gelyk of niemand haar kan help nie. Dit was 'n slegte siekte. Jairus het geweet sy dogter was besig om te sterf.



Slegs een persoon kon Jairus se dogter help.
Jairus het na Jesus gaan soek om Hom na sy
huis te bring. Jairus vermoed sy gelowige
vriende sal dit nie goedkeur nie. Maar
Jairus het nie



omgegee nie.
Hy moes dadelik
iemand kry om sy
dogter te help
voordat sy
sou sterf.





Jairus
het Jesus
gevind,
omring
van mense.
Jairus val
op sy knieë
voor Hom
en smeeek
Hom
dringend:





"My
dogtertjie
lê op haar
uiterste.
Kom lê tog
u hande op
haar, sodat
sy kan
gesond
word en
lewe."





Jesus het saam met Jairus gegaan. Maar hulle kon nie vining beweeg nie as gevolg van die groot skare. Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar baie siek was. Sy was by al die dokters en het al haar geld spandeer, sonder enige beterskap. O, hoe graag wou sy Jesus sien!





Wat kon die vrou doen? "As ek maar net aan Sy klere kan raak, sal ek gesond word," het die vrou geprewel. Daarna het sy haar hand uitgerek, en aan Jesus se kleed geraak.





'n Wonderwerk, 'n Wonderwerk, die vrou het gewheet, sy was dadelik genees van haar siekte. Jesus het gevra: "Wie het aan my klere geraak?" Hy het rondom hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. Die vrou het gewheet Jesus wil hê sy moet haar storie vertel. Sy het toe voor Hom op haar knieë geval en vir Hom haar hele geskiedenis vertel.



Net toe, het slawe van Jairus se huis daar aangekom. Hulle sê vir hom: "U dogter het gesterwe." Dood, dit was te laat. Miskien as die vrou nie Jesus opgehou het nie, miskien, sou sy dogter nie gesterf het nie. Jairus se geliefde dogter was dood.



Toe Jesus dit hoor,
het Hy gesê: "Moet
jou nie ontstel nie.
Bly maar net glo!" Dit
moes baie moeilik vir
Jairus gewees het
om Jesus te glo, sy
dogter was dood.



By die huis, was almal besig om te treur en te huil oor die dogtertjie. Jesus sê toe: "Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net." Hulle het vir Hom gelag, want hulle weet sy is dood.



Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: "Talita, Koem!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!



Jairus en sy vrou was daar en drie van Jesus se dissipels. Hulle het almal Jesus se woorde gehoor. Sal die klein dooie dogtertjie dit ook hoor?



Dadelik
het die
dogtertjie
opgestaan.
Jesus het
haar uit
die dood
opgewek.



Die dogtertjie se ouers was verwonderd. Jesus beveel hulle toe om vir haar iets te gee om te eet. Hulle moes so gelukkig en dankbaar gewees het. Sy wonderlike liefde en krag het hul dogtertjie teruggebring uit die dood.



Die meisie wat tweekeer gelewe het
'n Storie uit God se woord, die Bybel,
soos gevind in

Markus 5, Lukas 8

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

